

Steek ertens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Van somber gesigte tot brandende harte; Afwesigheid en Teenwoordigheid

Skriflesing: Lukas 24:13-35

Broodjies vir die pad

"I believe that whether we recognize him or not, or believe in him or not, or even know his name, again and again he comes and walks a little way with us along whatever road we're following. And I believe that through something that happens to us, or something we see, or somebody we know—who can ever guess how or when or where?—he offers us, the way he did at Emmaus, the bread of life, offers us new hope, a new vision of light that not even the dark world can overcome."

— Frederick Buechner, *Secrets in the Dark: A Life in Sermons*

"Indeed, that is the charm about Christ, when all is said: he is just like a work of art. He does not really teach one anything, but by being brought into his presence one becomes something. And

everybody is predestined to his presence. Once at least in his life each man walks with Christ to Emmaus."

— Wilde Oscar, *De Profundis*

"We Western people are goal-oriented consumers, and we can't imagine doing anything that won't get us something. But with full deliberation, we need to understand our exploration is not an effort to get anywhere.

My starting point is that we're already there. We cannot attain the presence of God because we're already totally in the presence of God. What's absent is awareness. Little do we realize that God is maintaining us in existence with every breath we take. As we take another it means that God is choosing us now and now and now. We have nothing to attain or even learn. We do, however, need to unlearn some things."

— Richard Rohr

"Only holiness will call people to listen now. And the work of holiness is not about perfection or niceness; it is about belonging, that sense of being in the Presence and through the quality of that belonging, the mild magnetic of implicating others in the Presence. This is not about forging a relationship with a distant God but about the realization that we are already within God."

— John O'Donohue

"I have found that more often than not, we're like the disciples on the Road to Emmaus, with a subtle growing awareness that He is with us or was with us, and we didn't know it until later. That's what waiting in prayer feels like many times. We don't always know how close God is until He has past by."

— Matt Pettry, *Moths Flirting With Flames: Our Obsession With God's Presence*

Tyd brand

Toe ek jonk was, het ek 'n prentjie in my kop geskep
Oor hoe ek verkieslik sal lyk aan die einde van my lewe
Van bo af sien ek 'n man in 'n bed met 'n hemelsbreë glimlag
Met 'n doodstil gewete en ope arms
Sy lewe skitter met herinneringe van goue mense
Vol stories met gelukkige eindes

Maar soos ek ouer raak, raak daai prentjie al hoe dowwer
Ek wonder of die man wat ek sien ooit rêrig gelewe het
Het hy die lewe met al sy hoogtes en laagtes beleef
In al sy seisoene, al sy kleure
Het hy ervaar dat liefde en smart hand aan hand loop soos ou vriende

Die een kan nie sonder die ander nie
Het hy verloor, het hy gestruikel en geval, het hy gemis?
Was hy al platgeslaan, het sy hart al gebreek, het sy hoop verdwyn?

Het hy al laaste gekom
Het hy al sy pa sien huil
Het hy gesukkel om te vergewe
Het hy al sy naaste se laaste woorde gehoor?

Deesdae sien ek 'n nuwe prentjie
Ek sien 'n man wat uitasem is
Hy het 'n bloedneus en rowe op sy kneukels
In sy oë is daar woede
In sy hart is daar vae oor die skepping wat brand
Sy lewe skitter met herinneringe
Vol stories

Christiaan Becker

"To have faith requires courage, the ability to take a risk, the readiness even to accept pain and disappointment. Whoever insists on safety and security as primary conditions of life cannot have faith; whoever shuts himself off in a system of defense, where distance and possession are his means of security, makes himself a prisoner. To be loved, and to love, need courage, the courage to judge certain values as of ultimate concern—and to take the jump and to stake everything on these values."

— Erich Fromm, *The Art of Loving*

"If I were to wish for anything, I should not wish for wealth and power, but for the passionate sense of the potential, for the eye which, ever young and ardent, sees the possible. Pleasure disappoints, possibility never. And what wine is so sparkling, what so fragrant, what so intoxicating, as possibility!"

— Søren Kierkegaard, *Either/Or: A Fragment of Life*

Eendag wil ek 'n boorman wees...

Dana Snyman

Toe ek so ses, sewe jaar oud was, wou ek nie soos ander seuns eendag 'n dokter, veearts of polisieman wees nie. Ek wou 'n boorman word.

Ek wou my eie boormasjien hê en boorgate sink, op soek na water.

In die Noord-Kaap waar ek grootgeword het, was knaend droogtes; en kinders het mos maar soms sulke edel drome en begeertes voor hulle hulle onskuld verloor.

Ek onthou baie dinge van daardie droogtes: Pa wat deur die groentetuin stap met die stoffies wat onder sy voete uitslaan, dan sê hy vir Ma: "Kyk, Bokkie, die pampoene vrek ook nou".

Of oom Gert wat kom vertel van die agtien dorperooie van hom wat in die veld bly lê het. Agtien bondels vel en been. En hoe hy hulle met sy Joseph Rodger-knipmes van die dors moes verlos.

Ek onthou bankrotveilings en biddae vir reën waartydens ekstra stoele die kerk ingedra moes word – biddae wat selfs deur oom Riempies, die hotel se kroegman, bygewoon is.

Ook vir oom Doepie, die boorman, onthou ek. In droë tyd was oom Doepie in ons wêreld die draer van hoop.

Miskien is dit ook oor oom Doepie dat ek 'n boorman wou word, want die ou was vol stories, veral oor die plekke waar hy al boorgate gesink het – ver plekke, met name wat selfs 'n kind gelok het: Prieska, Sterkaar, Uitkyk...

Oom Doepie het ook maar lekker met stories gesmokkel, weet ek nou. Hy het my selfs vertel hoe 'n span van honderd kamele sy ou Thames Trader-lorrie en boormasjien een slag uit die sand gesleep het toe hy in Egipte gaan boor het. In die Saharawoestyn.

Oom Doepie het sy boormasjien – 'n nerfaf rooi affêre op vier swaar wiele – oral met daardie Thames getrek. Met sy vaal brak, Jasper, op die sitplek langs hom. En agterop die Thames het Jakkals, oom Doepie se dowe helper, in sy verslete oorpak gesit.

As ek aan oom Doepie dink, dink ek aan 'n spul ou, afgeleefde goed. Die ou boormasjien, die Thames-lorrie met ou Jakkals en 'n klomp ou gereedskap agterop: Deurgeslyte grawe, 'n pik met 'n selfgekerfde steel, 'n effens geboë koevoet, geroeste stukke ketting en 'n dopemmer sonder 'n handvat.

Oom Doepie, wat toe seker sestig was, het self so 'n deurwinterde gesig gehad, vol lyne en plooië. Of miskien moet ek sê 'n deursomerde gesig, want dis die Noord-Kaapse somers en droogtes wat hom so verniel het.

Die vel op oom Doepie se arms was plek-plek stukkend en rou, asof die son besig was om die bloed bietjies-bietjies uit hom uit te trek. Maar as jy hom gevra het hoe dit gaan, het hy altyd geantwoord: "Uithou, aanhou, kophou en bekhou, dankie."

Ek weet nie of oom Doepie 'n huis gehad het nie. Hy het nooit van 'n vrou gepraat nie, ook nie van enige familie nie. Daar waar oom Doepie geboor het, het hy 'n stowwerige tent opgeslaan. Dit was sy huis.

Die keer toe Pa hom gekry het om 'n nuwe boorgat by ons op die dorp te kom sink, het Ma oom Doepie genooi om in ons spaarkamer te slaap, maar die ou het elke keer 'n floueriige verskoning gehad. Hy wou eerder by die boormasjien wees.

* *Hierdie artikel het oorspronklik in Weg #44 (Junie 2008) verskyn.*

<https://www.netwerk24.com/weg/reis/stories/rubriek-eendag-wil-ek-n-boorman-wees-20200409>

Brood vir die pad

Waag dit om te glo, want die graf was leeg

Wilhelm Jordaan

Paasfees is verby en iets daarvan bly my by – 'n gedig deur John Updike (1932-2009) getiteld "Seven Stanzas at Easter". Hy het dit in 1960 geskryf toe hy in die Lutherse Kerk in Amerika die "wortels van sy geloof waarmee hy grootgeword het weer wou voed".

Deur die eeue heen glo die kerk, juis met Paasfees, Jesus is letterlik uit die dood deur God opgewek. Die graf was leeg. Daarsonder, glo baie Christene, val die bodem van die Christelike geloof weg. In geloof maak hulle ruimte vir misterie, paradoks, die beperktheid van menslike logika en die voorlopigheid van wetenskaplike kennis. En glo dan juis, soos Updike, dit wat die verstand te bowe gaan.

Updike se gedig gryp 'n mens aan. Dit spoel deur elke vesel van jou mensheid en jy wil návoel wat die digter voel – die "aanraking van die verstand, lig soos 'n veer, vlugtig maar presies", soos Sheila Cussons skryf. Ek het Updike se gedig só herskryf:

Begryp dit goed: het Hy hoegenaamd opgestaan was dit as sy liggaam;

as selontbinding nie omgekeer het nie,
die molekule nie herskik het nie,
die aminosure nie herstel het nie,
sal die Kerk ten gronde gaan.

Sy opstanding was nie soos dié van blomme
wat elke sagte lente ontwaak;
nie soos sy Gees in die mond en verdwaasde oë
van elf dissipels nie;

dit wás sy liggaam: soos ons s'n gemaak.
Dieselfde skarniertjies duime en tone,
dieselfde geskulpte hart

wat deurboor is, gesterf het, vergaan het
en opnuut begin klop het

met nuwe krag gelaat
uit die almag van sy Vader.

Laat ons nie God met metafore bespot,
met analogie die bowesinlike systap nie;
en daarvan sê dit is blote gelykenis;
teken van 'n outydse liggelowigheid:
kom ons waag die sprong.

En as ons 'n engel by die graf wil hê, laat dit 'n werklike engel wees ...

Die klip word teruggerol,
nie 'n klip uit 'n storie nie,
maar die onmeetlike, werklike rots
wat met die tyd se stadige gang
oor iedereen 'n sagte skadu bring
in die harde lig van die dag.

En as ons 'n engel by die graf wil hê
laat dit 'n werklike engel wees,
gewigtig met die kwanta van Max Planck,
met skitterende hare, dowwerig by dagbreek se lig,
gekleed in linne

sekuur gespin uit 'n wewer se hand.

Laat ons nie die vreemdheid van opstanding
minder maak vir ons eie gerief, of sin vir skoonheid nie,
omdat ons nie, in een ondenkbare uur, wakkerskrik
verleë gelaat deur die wonder
en verpletter deur ons weerstand.

* *Jordaan is 'n emeritus professor in sielkunde.*

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/waag-dit-om-te-glo-want-die-graf-was-leeg-20220419>

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877